basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS HUISTAAL V3

## NOVEMBER 2025

**PUNTE: 100**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

   AFDELING A: Opstel (50)
   AFDELING B: Transaksionele Tekste (2 x 25) (50)

2. Beantwoord EEN vraag in AFDELING A en TWEE vrae in AFDELING B.

3. Skryf in die taal waarin jy geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Jy moet jou werk beplan (bv. deur 'n breinkaart/diagram/vloeidiagram/kernwoorde te gebruik), taalversorg en proeflees. Die beplanning moet VOOR die finale produk gedoen word.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui en daarna netjies deurgehaal word.

7. Jy moet jou tyd soos volg bestee:

   AFDELING A: ongeveer 100 minute
   AFDELING B: ongeveer 80 (2 x 40) minute

8. Nommer elke skryfstuk korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Die titel/opskrif word NIE in aanmerking geneem wanneer die woorde getel word NIE.

10. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: OPSTEL

### VRAAG 1

Kies EEN van die volgende onderwerpe en skryf 'n opstel van 400 tot 450 woorde. Skryf die nommer en die titel/opskrif van jou opstel neer.

1.1 **Dit wás waaghalsig, maar ek sal dit weer doen!** **[50]**

1.2 Wanneer die stiltes jou nooi … **[50]**

1.3 **Is ék die argitek van my eie toekoms?** **[50]**

1.4 Onderwysers kán 'n tegnoslim generasie met wysheid en balans help vorm. **[50]**

1.5 **Lekker-dag-planne:**
**Glimlag vir vreemdelinge**
**Groet eerste**
**Sê dankie en**
**deel komplimente uit**
**(bedoel dit)** – ©Linda **[50]**


Bestudeer die prente hieronder en skryf 'n OPSTEL oor EEN. Skryf die vraagnommer (1.6, 1.7 OF 1.8) en jou eie titel neer.

1.6



[Bron: https://www.canva.com/photos/MADQtoVYSVY-footprints-in-the-sand] **[50]**

1.7



[Bron: https://www.speelkaartenshop.nl/dobbelstene] **[50]**

1.8



[Bron: https://www.craiggreenfield.com/blog/2015/3/24/beggar] **[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B: TRANSAKSIONELE TEKSTE

### VRAAG 2

Kies TWEE van die volgende onderwerpe en skryf 180 tot 200 woorde oor elkeen. Skryf die nommer en die titel/opskrif van die teks wat jy gekies het, neer.

2.1 **INFORMELE BRIEF**

Jy het gister 'n groot verleentheid beleef toe almal in die klas vir jou gelag het.

Skryf 'n INFORMELE BRIEF hieroor aan 'n vriend/vriendin (wat verlede jaar in matriek was). Vra ook vir jou vriend/vriendin hoe hy/sy 'n soortgelyke situasie sou hanteer. **[25]**

2.2 **FORMELE E-POS**

Jy wil na afloop van matriek oorsee op 'n luukse boot gaan werk. 'n Werkgeleentheid, wat dalk jou drome kan bewaarheid, word geadverteer.

| | |
|---|---|
| Van | |
| Aan | BCL-Pacific@gmail.com |
| Datum | |
| Onderwerp | |
| | |

Gebruik die formaat hierbo en skryf 'n E-POS aan die personeelbestuurder van die *BCL-Pacific* waarin jy vir hierdie pos aansoek doen. Motiveer waarom jy 'n geskikte kandidaat vir hierdie spesifieke werk is. **[25]**

2.3 **NOTULE EN AGENDA**

Die VRL van jou skool hou 'n vergadering om 'n skoolpiekniek te bespreek. Die agenda hieronder bevat die besprekingspunte.

AGENDA VIR DIE VRL-VERGADERING OM 15:00 OP 2 AUGUSTUS 2025

1. Opening
2. Verwelkoming
3. Presensie
4. Sake om te bespreek:
4.1 Datum, tyd en plek
4.2 Reëls
4.3 Musiek
4.4 Voorbereiding van rugbyveld
5. Afsluiting

Skryf die NOTULE van die vergadering. **[25]**

2.4 **VERSLAG**

Jy sien hoe een of meer van jou klasmaats oneerlik in die eksamen is. Jy word ná die vraestel na die hoof se kantoor ontbied waar jy versoek word om 'n volledige verslag oor die gebeure, wat jy waargeneem het, te skryf.

Skryf die VERSLAG. **[25]**

2.5 **HULDEBLYK**

Jou klas wil 'n funksie reël vir 'n onderwyser, wat 'n groot rol in julle lewe speel, om hom/haar te vereer.

Gebruik die volgende woorde in die huldeblyk:

**Die saad wat u in ons lewens gesaai het …**

Skryf die HULDEBLYK wat jy op versoek van die klas moet lewer. **[25]**

2.6 **ONDERHOUD**

As redakteur van jou skoolkoerant voer jy 'n onderhoud met die veelsydigste graad 12-leerder, waarin jy hom/haar vra watter raad hy/sy aan ander leerders sal gee wat ook baie verskillende aktiwiteite met hulle akademie moet balanseer.

Skryf die ONDERHOUD. **[25]**

**TOTAAL AFDELING B: 50**
**GROOTTOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou